

VERKLARING

Uitgereik deur: A P Stemmet
Namens: AMAGP
Kaapstad

25 September 2018

OPENBARE BELEGGINGSKORPORASIE: KOMMISSIE VAN ONDERSOEK

Op 16 Augustus 2018 is aangekondig dat President Ramaphosa ‘n kommissie van ondersdoek gaan aanstel het om ondersoek in te stel na die ongerymdhede by die staatsbeheerde beleggingskorporasie, die Openbare Beleggingskorporasie (OBK). Hierdie voorgestelde kommissie is vervolgens daargestel om die skandaalgeplaagde " (scandal plagued) Openbare Beleggingskorporasie te ondersoek. AMAGP verwelkom hierdie aankondighing met die volgende kommentaar ter versterking van hierdie be-oogde kommissie.

Die aankondiging het gekom nadat die Vereniging vir die Monitering en Bevordering van Staatspensioene (AMAGP) vir jare gewaarsku het dat alles by die OBK en GEPF nie pluis is nie. Vele gevallestudies het alreeds plaasgevind sedert AMAGP klagtes hieroor die lig laat sien het.

'n AMAGP brief aan die Minister van Finansies, 'n paar maande gelede, het geen reaksie uitgelok nie, behalwe indien die Presidensiële aankondiging oor die kommissie as ‘n antwoord op AMAGP se brief beskou kan word. Sou dit die geval wees, is AMAGP dank aan die Minister verskuldig dat daar uiteindelik opgetree word oor hierdie belangrike aangeleentheid.

Toe AMAGP jare gelede alarm gemaak het, baie vrae begin vra het en sekere wanpraktyke uitgewys het, is AMAGP daarvan beskuldig dat ons wolf-wolf skreeu en ongegronde paniek saai.

Die aankondiging is uiteindelik op 16 Augustus 2018 gemaak en die vraag ontstaan wat intussen gebeur het. Blykbaar niks!

Stellings in 'n interessante artikel deur Tim Cohen op 21 September 2018 in Business Day is na AMAGP se mening en vorige ondervinding van kommisses van ondersoek so waar en interessant dat hier uitvoerig daaruit aangehaal word as synde:

> "*Commissions have a terrible history in South Africa of not getting to the root of the issue, which is partly why they are so popular with politicians. Just think of the (Sereti) arms deal commission, which after four years came to the conclusion that it was unable to come to a conclusion. To politicians, commissions achieve two highly desirable goals. They appear to be "doing something" and responding to popular disquiet .... they tend to be excruciatingly*

long-winded ...tended to grind the most vivid observers into a kind of some somnambulistic submission. ".

Tim Cohen se sienings word ondersteun. In ondervinding van kommisies oor jare is dikwels opgemerk dat kommissies van ondersoek se opdragte opgestel word om die regering te pas. Kommissies is ook geneig om dikwels hul opdragte streng en eng te vertolk en daarom dikwels nie deurdring tot die wortel van die probleem nie.

Ook is ondervind dat politici kommissies gebruik om tyd te wen en vertragings te veroorsaak. Soms doen hulle dit om tyd te wen tot die stof gaan lê het en die publiek se aandag weg te lei van ernstige probleme. En kan hulle sake vertraag!! Onthou die Cillie kommissie van ondersoek na die oproere en gebeure op 16 Junie 1976 by skole in Soweto en elders. In hierdie geval het die taktiek egter nie gewerk nie en die probleme het nie verdwyn nie. Mense sal ook onthou van die Van Zyl kommissie van ondersdoek na die media wat algemeen bekend was as die " Perskommissie " in die 1960/70's wat 17 jaar geneem het om sy werk af te handel.

AMAGP glo dat daar met die OBK-kommissie nie hoop is dat daar finaliteit sal kom voor na afloop van die 2019 verkiesings nie. Teen daardie tyd sal daar ander probleme wees wat vir die publiek van meer belang sal wees, as die voldoende beskerming van pensioen van afgetrede staatsamptenare.

Die vertraging het alreeds begin. Meer as ‘n maand het al verloop sedert die President se aankondiging en die kommissie is nog nie regtens aangestel nie. Die kommissaris(se?) is nog nie aangestel nie en die opdrag/mandaat is nog nie bekend gemaak nie. Wat sou die vertraging veroorsaak? Die vind van 'n geskikte kommissaris? As dit die rede is, waarom word die opdrag nie noual bekendgemaak nie? Dit sal belanghebbende partye instaat stel om hul voorleggings doelgeskik voor te berei. Is daar dalk ‘n ander probleem?

'n Ander rede tot bekommernis vir AMAGP, is dat geen verwysing in die President se verklaring na die instansie wat wetlik in beheer van die staatsdienspensioenfonds is, naamlik die GEPF Raad van Trustees, voorkom nie. Die werklike oorsprong van die OBK se kommissie van ondersoek, is gesetel in die beleggingsmandaat wat die GEPF Raad van Trustees aan die OBK bied. Dit is die toepassing van die GEPF Raad van Trustees se fidusiêre verantwoordbaarheid tydens hierdie mandaat wat vervolgens Artikel 3 van die 1996 Staatsdiens Pensioenwet die OBK probleme versterk. Die GEPF behoort uitdruklik ingesluit te word in die opdrag van die kommissie anders sal daar geen einde aan die bestaande probleme wees nie.

Adamus P. Stemmet
Segsman AMAGP
Durbanville
082 3209245
adamusp2602@gmail.com